



JAKARANDA VOORTREKKERKAMP 2022

Nou is jou kans



jakarandakamp@gmail.com

<http://jakaranda.voortrekkers.org.za>

Beste kampeerder en ouer

1 Februarie 2022

Ons nooi jou graag om saam met ons op die 37e Jakaranda Voortrekkerkamp op Die Voortrekkerplaas te Hartebeesfontein, sowat 50km noord van Pretoria, te kom kamp. Hierdie brief bevat al die inligting wat jy gaan benodig.

Wanneer kamp ons?

Ons kamp vanaf Woensdagaand 30 Maart 2022 om 18:30 tot Sondagoggend 3 April 2022 om 11:00. Maak asseblief voorsiening vir jou eie aandete Woensdagaand.

Wanneer en hoe kan jy inskryf?

Inskrywings vind aanlyn plaas en maak oop op 7 Februarie 2022 om 15:00. Jou ouers sal geleentheid hê tot 4 Maart 2022 om 23:00 om jou in te skryf. Daar word beperkings geplaas op die aantal inskrywings van sekere kursusse. Maak dus seker dat jy so vinnig moontlik inskryf om plek in die spesifieke kursus te verseker. Gebruik hierdie skakel om in te skryf: <https://forms.gle/4GngJsrecS1ezLRZ8>. Indien jou ouer enige probleme ondervind met die proses, is hulle welkom om ons te kontak deur e-pos te stuur na jakarandakamp@gmail.com. Slegs plaasvervangings binne kursusverband kan na 11 Maart 2022 geskied.

Waar slaap jy?

Penkoppe en Drawwertjies slaap in eie tente in die tentedorp. Onthou dat ons nogsteeds slegs 50% van 'n tent se kapasiteit mag gebruik as gevolg van Covid regulasies. Maak dus seker jou en jou spanmaats se tent is groot genoeg om julle te huisves. Offisiere kan in hul eie tente/woonwaens in die karavaanpark slaap of versoek om ingedeel te word in die offisiere slaaplokale. Penkoppe en Drawwertjies in graad 1 en 2 kan slegs kom kamp indien die ouers ingeskryf is as diensdoende offisier en hul slaap by die ouers.

Hoe kom jy daar en weer by die huis?

Elke kampeerder/kommando is verantwoordelik vir sy/haar eie vervoer van en na die kamp.

Jakaranda pette en kamphemde:

Elke Penkop en Drawwertjie sal 'n kursusetpet/bandana op die kamp ontvang. Kamphemde kan bestel word teen 'n ekstra bedrag afhangend van die grootte (Tussen R110 tot R150) – dui asseblief die grootte aan tydens die aanlyn inskrywingsproses.

Volwassenes wat saam kamp:

Volwassenes wat inskryf moet bereid wees om by enige van die afdelings diens te doen deur aktief behulpsaam te wees met kursusaanbiedings, toepassing van dissipline en diensbeurte. Dui asseblief jou eerste 5 voorkeurkeuses aan.

Ons versoek dat ten minste een diensdoende volwassene saam kamp vir elke 8 Penkoppe/Drawwertjies wat kamp en dat die volwassene vir die volle duur van die kamp teenwoordig sal wees. Kampraadslede word nie gereken as diensdoende volwassenes nie, aangesien hulle in diens van die kamp staan.

Vir watter kursusse kan jy inskryf en wat is die koste:

Graad	Kursus	Koste		Graad	Kursus	Koste
Voorskool 3 jaar tot Gr. 0	Kapokkies	R550		Graad 5	Ekosorg Touwerk Weerkennis	R730
Graad 1	Spele	R730		Graad 6	Beeldende kunste (30) Spoorsny Redding (20)	R730
Graad 2	Taalpret	R730		Graad 7	Erfgrond Medemens	R730
Graad 3	Handwerk Toeka	R730		Verkenners		R630
Graad 4	Vasbyt Noodhulp Versamelkuns	R730		Volwassenes	Diensdoende Kombuis Voortrekkerspyseniering	R630 R880

- * Kinders 2 jaar en jonger kamp gratis.
- * Indien jy wil inskryf vir Vasbyt, moet jy 1km ver kan draf – begin dus betyds oefen en fiks word.
- * Kursusgetalle vir jeuglede is beperk tot die syfer in hakies agter elke kursus.
- * Inpaklyste sal teen 14 Maart 2022 beskikbaar wees.

Kampdisipline:

Ingevolge die grondwet en reglemente van Die Voortrekkers is die kampleier verantwoordelik vir hantering van dissipline. Geen persoon mag die kampterrein betree of verlaat sonder sy toestemming nie. Indien 'n inskrywing aanvaar word, onderwerp die persoon hom aan die kampleier se gesag.

POPI wetgewing:

Daar word deurgaans op die kamp foto's en video's geneem van kampaktiwiteite. Geen name van kampeerders word met die foto's gekoppel nie. Hierdie foto's en video's word weer vir bemerking gebruik. Indien 'n jeuglid nie op 'n foto mag verskyn nie, moet dit so aangeteken word op die inskrywing.

Covid-19 regulasies:

Elke persoon skryf vrywillig in en kamp op eie risiko. Die kamp gaan sover moontlik poog om die Covid-19 regulasies toe te pas. Dit is wel belangrik dat kinders moet weet wat hul verantwoordelikhede is sodat almal veilig is op die kamp. Indien enige persoon Covid-19 simptome en/of 'n temperatuur van meer as 38°C meet, sal die persoon huis toe gestuur word op eie onkoste.

Neem asseblief in ag dat indien 'n jeuglid die kamp vroeg verlaat hy/sy die risiko loop om nie in aanmerking te kom vir toekenning van die spesialisasie of kamperkenning nie.

Navrae:

Navrae kan tot die kampleier en die kampsekretaresse gerig word by jakarandakamp@gmail.com.

Ons sien baie uit na die komende kamp – Nou is jou kans saam met ons!

Jakaranda Voortrekkerkamp groete

Jan-Albert de Kock
Kampleier
071 380 9757

Nicolette Koukeas
Kampsekretaresse
082 921 5955

Annemaré de Kock
Kursussekreteresse
083 554 2181